# DIE SKIETLOOD

194e Uitgawe 17 September 2021
saam met Koersvas 194

## Die Dordtse Leerreëls

**Tweede hoof leerstuk; Die dood van Christus en die verlossing van die mense deur sy dood Teks Artikel 9**. Hierdie raadsbesluit is die gevolg van God se ewige liefde vir die uitverkorenes. Die besluit word van die begin van die wêreld af tot vandag toe kragdadig uitgevoer ondanks die vergeefse verset van die magte van die doderyk. Hierdie besluit sal steeds uitgevoer word, sodat die uitverkorenes op die regte tyd in een liggaam vergader sal word. Daar sal altyd 'n kerk van gelowiges wees, gegrond in die bloed van Christus. Hierdie kerk moet Sy Verlosser, wat Sy lewe aan die kruis vir die kerk gegee het - soos 'n bruidegom Sy lewe vir Sy bruid sal gee - standvastig liefhê en Hom met volharding dien en van nou af tot in alle ewigheid verheerlik. *Hoc consilium, ex æterno erga electos amore profectum ab initio mundi in præsens usque tempus, frustra obnitentibus inferorum portis, potenter impletum fuit, et deinceps quoque implebitur: ita quidem ut electi suis temporibus in unum colligantur, et semper sit aliqua credentium Ecclesia in sanguine Christi fundata, quæ illum Servatorem suum, qui pro ea, tanquam Sponsus pro sponsa, animam suam in cruce exposuit, constanter diligat, perseveranter colat, atque hic et in omnem æternitatem celebret.*

### Verklarende kommentaar

Wat is die rede vir die sekerheid wat ons het dat ons gered is? Wat is die dryfveer wat gemaak het dat God mense red? Uit die voorafgaande bevestiging is hierdie die volgende logiese vraag. Kan dit die mens wees wat so oulik is? Kan dit enige diepe skuldgevoel by God wees? Kan dit wees dat God verplig voel om mense te red? Artikel 9 stel nou onomwonde dat die rede vir God se genade Sy liefde vir ons is. Johannes 3:16 "*Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.*" God se beleid (raadsplan - *consilium)* van genade is die resultaat van Sy liefde. Dit is 'n diepe Goddelike liefde wat ons nooit kan analiseer, verklaar of begryp nie. Dit is nie vir ons moontlik om die omvang van God se liefde te beskryf nie.

Hierdie liefde van God het nie in die loop van tyd ontwikkel nie. God se liefde is 'n tydlose liefde wat nie deur die ontvanger gekweek of verwerf is nie. God het Sy kinders lief van die begin af. God se liefde was daar by die totstandkoming van die wêreld (*ab initio mundi*).

Hierdie liefde van God is 'n konstante saak wat van die begin af God se optrede motiveer; die liefde taan of kwyn nie. God het ons nog net so lief soos aan die begin. <u>Ons lewe binne die veilige ruimte van God se konstante liefde vir ons</u>.

Hierdie liefde gaan ook verder as hierdie bedeling strek. In 1 Korintiërs 13 maak Paulus dit duidelik dat die liefde ook gaan heers in die bedeling wat kom.

Dit is nie asof die bose en die doderyk dit gelate aanvaar nie. Die bose is in konstante stryd gewikkel, diep toegewyd daartoe om ons van God se liefde te

skei. Dit is egter vergeefse pogings. Net so min as die bose God se liefde in haat kan verander, net so min kan die bose ons verwyder van God se genade in Christus.
Ons kan daarom lewe in die sekerheid dat God se beleid (raadsplan) konstant, deur die geskiedenis heen, tot uitvoer gebring word en sal word. Daar is geen onderbreking in die versameling van God se geliefdes nie. So sal dit gebeur dat daar telkens by die getal van mense wat gered is, gevoeg word. Dit sal in elke tyd gebeur. Die versameling van die uitverkorenes is met ander woorde 'n proses wat sonder onderbreking of uitsondering deur die geskiedenis heen plaasvind. In ons eie tyd, soos in die verlede, is God besig om Sy kinders te versamel. Daar is geen epog in die geskiedenis - na die opstanding - waar hierdie aktiwiteit van God nie plaasgevind het nie. Aan die einde van tyd sal God se kinders saam versamel word. God is geduldig besig om in liefde al Sy kinders deur die eeue heen te versamel en aan die einde van tyd sal almal saam die Here loof. Dit is wel waar dat die aardse kerk groei en krimp, maar die Here se redding vind altyd plaas. In elke nuwe era is die Here besig met Sy geliefdes.
Dit beteken dat ons nêrens in die geskiedenis 'n tyd sal vind waar daar nie 'n kerk was nie. Al is die kerk soms baie klein, die versameling van hulle wat in die bloed van Christus gered is, sal altyd daar wees.
Die een saak wat hier gestel en veronderstel word sonder om beklemtoon te word, is die ruimte waarbinne die uitverkorenes leef en dien. Die kerk is die tuiste van diegene wat God in Sy liefde geroep het tot die saligheid. Die kerk moet aan die Here getrou wees, Hom dien en eer dwars deur die eeue heen.

Na die positiewe stel van die sinode se standpunt, word die tweede stel dwalings onder die loep geneem en verwerp.

**Verwerping van die dwalings**
**Teks**
Die regsinnige leer is nou uiteengesit.
*1. Daarom verwerp die Sinode die dwaling van hulle wat leer: God die Vader het sy Seun tot die kruisdood bestem sonder 'n sekere en besondere besluit om iemand sekerlik salig te maak. Die noodsaaklikheid, nuttigheid en waardigheid van die verdienste van die dood van Christus sou gevolglik ongeskonde, in alle dele volmaak, volkome en as een geheel kon bestaan selfs al sou geen enkele mens ooit werklik gedeel het in die verlossing wat Hy verwerf het nie.*
*Die Sinode leer: Hierdie leer verag die wysheid van God die Vader en die verdienste van Jesus Christus en is in stryd met die Heilige Skrif. Ons Verlosser sê immers: Ek lê my lewe af vir die skape en Ek ken hulle (Johannes 10:15, 27).*
*En die profeet Jesaja sê van die Verlosser: as sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal Hy 'n nakroos sien; Hy sal die dae verleng, en die welbehae van die Here sal deur sy hand voorspoedig wees (Jesaja 53:10). Verder weerspreek dit die geloofsartikel waarmee ons bely dat ons aan die kerk glo.* Qui docent, 'Quod Deus Pater Filium suum in mortem crucis destinaverit, sine certo ac definito consilio quemquam nominatim salvandi, adeo ut

impetrationi mortis Christi sua necessitas, utilitas, dignitas sarta tecta, et numeris suis perfecta, completa atque integra constare potuisset, etiamsi impetrata redemptio nulli individuo unquam actu ipso fuisset applicata.' Hæc enim assertio in Dei Patris sapientiam meritumque Jesu Christi contumeliosa, et Scripturæ contraria est. Sic enim ait Servator: *Ego animam pono pro ovibus, et agnosco eas.* Johan. x. 15, 27. Et de Servatore Esaias propheta: *Cum posuerit se sacrificium pro reatu, videbit semen, prolongabit dies, et voluntas Jehovæ in manu ejus prosperabitur.* Esai. liii. 10. Denique, articulum Fidei, quo Ecclesiam credimus, evertit.

**Verklarende kommentaar**

Die Remonstrante word daarvan beskuldig dat die soenverdienste van Christus volgens hulle 'n objektiewe waarheid is wat totaal verwyderd is van die haglike toestande van die mens. Die Remonstrante het skynbaar beweer dat die soenverdienste onpersoonlik en algemeen van aard is. In terme van die objektiewe genade en subjektiewe genade (Jesus het vir almal wat glo gesterf - objektief; Jesus het vir my gesterf - subjektief) was hulle standpunt dat net die objektiewe genade werklik is. By implikasie sou dit moontlik wees dat Jesus se lyding en sterwe, Sy opstanding en Hemelvaart, tot geen mens se voordeel was nie en dat God geen mens in die oog gehad het met die heilsgebeure nie. Jesus se heilsgeskiedenis word dan 'n losstaande gebeurtenis wat onafhanklik van menswees kan bestaan. So 'n standpunt is nie korrek of aanvaarbaar nie. Verskeie redes word aangevoer vir die besluit om hierdie leerstuk te verwerp.

1. Hierdie leer verag die wysheid van God: Ons kan nie die dinamiese aard van God se interaksie met tyd verstaan nie. Daarmee saam kan ons nie aan God onkunde ten opsigte van die toekoms toedig nie. Ons ken nie God se gedagtes nie. Om dan die verdienste van Christus onpersoonlik en eintlik a-histories te verstaan, is 'n dwaling.
2. Hierdie leer misken die aard van die verdienste van Christus: Jesus se lyding en sterwe, die verdienste van Sy offer aan die kruis, was diep persoonlik. Dit was bedoel om mense van wie Hy die name ken, te red van die sonde en dood. Net soos die sonde in sy diepste wese persoonlike opstand teen God is, net so is Christus se genade persoonlike vergifnis.
3. Hierdie leer misken die Skrif: Dit is duidelik uit verskeie gedeeltes in die Woord van God dat die heil wat bewerkstellig is, diep persoonlik van aard is. Daar is genoegsame bewyse in die Bybel dat God se handelinge in die geskiedenis persoonlik is, op die individu afgestem is. Die God van Abraham, Isak en Jakob ken elkeen by naam en gee aan elkeen by naam Sy genade.
4. Hierdie leer misken die bestaan van die kerk: Die kerk is saamgestel uit die versameling gelowiges wat in persoonlike verhouding met God staan. Die woorde *extra ecclesia non salus est* (buite die kerk is daar nie saligheid nie), alternatiewelik *in ecclesia salus est* (in die kerk is die saligheid) maak dit duidelik dat God se genade persoonlik is en dat diegene binne die kerk die dankbare ontvangers is. Dit sluit enige onpersoonlike verdienste uit.

Volgende keer meer oor die leerstukke wat in die tweede gedeelte verwerp word.